’n Trans-Karoo **onderstok** ekspedisie

Nee kyk, as die Bosmans iets aanpak, doen hulle dit behoorlik. Met die uitdaging om hul grondves-onderstokblokke vir die land se grootste stokkieskwekery, Lelienfontein, in pesvrye gebiede te vestig, is vier verskillende plase in die boendoes geïdentifiseer. EDO HEYNS was deel van ’n *roadtrip* om van hierdie afgeleë blokke te besoek.

MET die uittog vanaf Suid-Afrika se stokkies-hoofstad (ook bekend as Wellington) sou dit nie snaaks wees om te dink dat die Bosmans se 4X4 op pad was na ’n jagnaweek nie. In die eerste plek is dit ’n *Cruiser* – en verder, was daar koedoedroëwors ingepak as padkos, terwyl daar gesels is oor bokke, jag*trips* en die kondisie van die veld. Dít, terwyl ons op pad was na bestemmings met name soos Koedoeskop en Leeurivier.

Maar helaas, was die aanvang van die jagseisoen eers ’n maand later. En die Bosmans is nie van die tipe wat bokke ontydig laat ‘val’ en dit op jakkelse blameer nie ...

Nee, dié tog uit die beskawing was ’n jaarlikse besoek om die stand van die entloot-oes van Lelienfontein se Karoo onderstok-grondvesblokke na te gaan.

Nadat ons die Bainskloofpas tot by Ceres oorkruis het, het ek, Jannie Bosman snr en jnr en Lelienfontein-stokkiesbemarker, André le Roux, die langste pad tussen twee dorpe – die R355 tussen Ceres en Calvinia – aangepak.

Hierdie stofpad deur 250 km van *boggerôl* was ’n gulde geleentheid om op te vang oor wat aangaan in die stokkieswêreld (Pinot Noir-aanplantings het glo die hoogte ingeskiet, terwyl die plaaslik gekweekte onderstok US 8/7 al hoe meer sy staal toon) en meer uit te vind oor die rede vir hierdie verafgeleë grondvesblokke.

Toe die destydse grondvesblok sterrerangorde in werking getree het, het Lelienfontein letterlik uit sy pad gegaan om geskikte grond vir die vestiging van blokke met die hoogste sterstatus te identifiseer.

“Dit gaan ook oor die verspreiding van risiko – as jou materiaal van vyf of ses plase af kom, is jy altyd gewaarborg om kwaliteit materiaal in die hande te kry,” verduidelik Jannie snr.

“Vir hierdie doeleinde is ongerepte grond ideaal. Dit sluit die gevare van herbesmetting met skadelike wingerdvirusse uit.”

Groot was my verbasing toe ons tussendeur die stokkiesstories in die middel van nêrens afdraai na ’n plaashek. Hierdie veld se drakrag vir skape is dan so laag as 100 ha per dier – hier kan mos onmoontlik wingerd oorleef?

Grondpad Grondves: Stofpad isolasie in die hartjie van die Karoo. Lelienfontein het vier verskillende Karooplase geïdentifiseer om grondves-onderstokblokke op te vestig.

heel links: André en Jannie snr en jnr by die Koedoeskop-grondvesblok, naby Leeu-Gamka. links: Francois van der Merwe. bo: Jannie jnr met Sako.

Daardie boer het kort daarna 'n brief gestuur om nóg stokkies – vir homself sowel as sy bure – te bestel. En so het die Bosman-familie se stokkies-erfenis begin.

"Die stokke hier is taai. Jy kan dit sien aan hoe hulle groei en hoe goed die lote ryp gemaak word. En dís iets wat dié gebied in besonder lewer."

Na 'n stuk of ses plaashekke het 'n groen oase in die verte egter bewys dat onderstokke wel hier kan groei – én floreer. Die man wat in hierdie verlate wêreld boer, Francois van der Merwe, het 'n kragtige diesel-aangedrewe pomp op sy plaas, Brakfontein – en dié voorsien voldoende water uit die Doringrivier vir sy boerdery en, meer onlangs, 7 ha onderstokke wat vir Lelienfontein Kwekery aangeplant is.

"Hierdie plaas het baie voordele: Daar is voldoende water, geen vektore vir skadelike virusse en die grond is ook verbasend vrugbaar – die beperking in hierdie area is water en Francois het genoeg daarvan," verduidelik Jannie snr.

Ramsey, Richter 110, 101-14 en US 8-7 word in dié dorland vir Lelienfontein verbou.

Volgens André, wie se oog duidelik ingestel is op hoeveel entmateriaal beskikbaar is, is die blok in sy vierde blad – terwyl daar al drie keer hier lote geoes is. Die leeftyd van 'n onderstokblok is ongeveer 12 jaar.

Jannie snr verduidelik: "Die stokke hier is taai. Jy kan dit sien aan hoe hulle groei en hoe goed die lote ryp gemaak word en dís iets wat dié gebied in besonder lewer."

"Hierdie stokke is letterlik harder as die norm – die mense wat die entwerk doen, tel dit selfs op en kla gewoonlik oor hoe moeilik dit is om te sny," sluit Jannie jnr – wat in beheer staan van die entingkant van die besigheid – aan by sy pa.

Met die naaste dorp wat naastenby 120 km weg is, was dit g'n wonder dat Francois ons vir middagete genooi het nie. Die pad wat voorlê was egter lank en selfs in die Karoo wag tyd vir niemand nie – terwyl die Jannies al van Ceres af uitsien na die lamspastei op Calvinia!

Jannie snr vertel dat Filloksera reeds in 1886 by Mowbray in die Kaap uitgebreek, en groot gedeeltes van die gevestig-de wingerde vernietig het. Binne dieselfde jaar het die plaag sover as Vergelegen, wingerde vernietig. "Gelukkig kon Suid-Afrika Noord-Amerikaanse onderstamme invoer, wat toe reeds in Frankryk beproef is nadat daar reeds Filloksera in 1868, agtien jaar vroeër uitgebreek het.

Sy pa, Petrus, was in 1947 besig om geënte stokke uit te haal toe Koos Rabie van Wansbek, Robertson – wat eintlik oppad was om te gaan perde koop – by hom stop en vra wat hy met al sy orige wingerdstokke gaan maak. Net daar is 'n transaksie beklink.

"Kort daarna het Koos Rabie 'n brief geskryf waar hy vir homself, sy broer en van sy bure nóg stokkies bestel. En so het die Bosman-familie se stokkies-erfenis begin. Toevallig is die Worcester-Robertson area steeds een van ons sterkste markte," vertel Jannie snr.

Vanaf Calvinia, deur Williston, verby Fraserburg was die volgende stop Leeurivier, Beaufort-Wes, waar ons ná 'n opelug wildrit en tipiese Karoo-braai – skaaprib wat skuins langs die vuur geparkeer is – die nag spandeer het.

Douvoordag het die *Cruiser* weer die pad gevat na nog 'n Karoo-grondvesblok op die plaas Koedoeskop. Hierdie grond – net mooi tussen die Leeu- en Gamka-riviere – behoort aan bekende Slanghoek-wynboer, Pieter Hugo, wat benewens sy Karoo-boerdery ook grondvesblokke vir Lelienfontein Kwekery aangeplant het.

André brei uit dat die aanplantings bestaan uit 143B, 101-14 en Richter 110 wat in totaal 3 ha beslaan. Pieter het 'n breë kennis van wingerdboerdery en genoeg vragmotors om die die lote te vervoer," verduidelik hy.

Soos by Brakfontein, is daar nog geen vektore van skadelike virusse op Koedoeskop nie. Hierdie onderstokblok gaan vanjaar hul derde drag produseer.

Die ander twee Karoo-grondvesblokke is geleë in Merweville en Barrydale. Eersgenoemde is 'n een hektaar Richter 110-blok op Attie Bothma se plaas, Krugerskop, terwyl die Barrydale-blok – 'n 7 ha aanplanting van Paulsen, US 8/7, Richter 110 en Ramsey – op Jannie se swaer, Piet Smit, se plaas, Tradouwshoek, gevestig is. Beide hierdie blokke is geïsoleerd waar daar nie kommersieel met wingerd geboer word nie.

Die Brakfontein-aanplantings was die eerste grondvesblok wat die Bosmans in die Karoo gevestig het en het in die vyf jaar wat hulle hier materiaal "oes", duidelik die meriete van geïsoleerde plantmateriaal bewys – en die weg gebaan vir verdere uitbreiding.

Moet ook nie die moontlikheid van nóg afgesonderde aanplantings uitskakel nie. Soos wat ons deur die verlate Karoo-landskap terug na Wellington ry, het Jannie gereeld opgewonde geraak as hy tekens van water gewaar. "Kyk André, hier's water – ons moet kom wingerd plant!" skerts hy.

Die agste generasie Bosman-seuns, Petrus, PD en Jannie, is almal betrokke by die besigheid en met al die nuwe uitbreidings in die Karoo en ook die baanbreekwerk wat in die Hemel en Aarde-vallei gedoen is (sien die volgende uitgawe van *WynLand* vir meer hieroor), gaan dié familiebesigheid net van krag tot krag.

En terloops ... met die onlangse geboorte van Petrus se eerste seun – soos te wagte, nóg 'n Jan – het die negende generasie nou ook die toneel betree ... WL